IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.988/2002

DATUM: 13 JUNIE 2003

In die saak tussen:

VUSUMZI MAKALENI — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

## UITSPRAAK

DUMINY, WnR:

Die appellant is in die streekhof Wynberg aangekla van diefstal van 'n motorvoertuig wat beskryf word as 'n blou Ford Escort motorvoertuig. Die diefstal het na bewering op 23 November 1998 plaasgevind. Op 17 Desember 1999 is hy skuldig bevind, soos aangekla en 'n vonnis van ses jaar gevangenisstraf opgelê.

Ter aanvang moet verduidelik word dat die appellant 'n brief gerig het aan die Klerk van die Hof, die brief is gedateer 6 Januarie 2000 en daarin het hy sy voorneme uitgespreek om appèl aan te teken teen sy vonnis. In dieselfde brief het hy egter gekla dat die getuienis van die polisiebeamptes wat teen hom getuig het, vals was en hy het klagtes geopper oor die optrede van sy prokureur tydens die verhoor. Ten opsigte van die klagte met betrekking tot vonnis, sit die brief die gronde van die appellant se besware uiteen.

Na my mening is daar ruimte daarvoor dat die brief gesien kan word as 'n kennisgewing van appèl teen skuldigbevinding sowel as vonnis. Die argumentshoofde is aanvanklik voorberei op die grondslag dat die appèl slegs teen die vonnis gerig was. Die appellant en die respondent se advokate is egter genooi om submissies te maak ten opsigte van die skuldigbevinding self. Hulle het dit gedoen en ek spreek my waardering daarvoor uit.

Ek handel eerstens met die kwessie van skuldigbevinding. Daar was drie staatsgetuies, die eerste was mnr Ashrad Southgate. Hy het getuig dat hy die eienaar was van die Ford Escort motorvoertuig wat betrokke was by die klagte. Op 23 November 1998 het hy die voertuig by die Lansdowne

spoorwegstasie geparkeer. Toe hy dit daar gelaat het was dit in perfekte toestand en was gesluit. Hy het dit omtrent kwart voor agt die oggend daar gelos. Later die dag op 'n tyd na elfuur die oggend is hy deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens gekontrak gevra het of hy sy motorvoertuig aan iemand geleen het. Hy het geantwoord dat hy dit nie gedoen het nie. Hy is toe meegedeel dat sy motor in die besit van andere gevind is. Hy het na die spoorwegstasie gegaan om te kyk of die voertuig nog daar was en gesien dat dit nie meer daar was nie. Hy het sy motorvoertuig by die Kuilsrivier polisiestasie geidentifiseer. Die voertuig het omgeslaan en, volgens sy getuienis, was dit 'n totale wrak. Hy het gesê dat die voertuig omtrent R8 000 gekos het. Sy getuienis is in geen opsig betwis nie en hy is nie onder kruisondervraging geneem daaroor nie.

Die volgende staatsgetuie was sersant Cloete, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat gestasioneer is by die Maitland Honde-eenheid. Sy getuienis was dat op die betrokke dag hy 'n radioberig gemoniteer het omtrent 'n verdagte voertuig, synde die blou Ford Escort waarna ek reeds verwys het. Dit was onderweg in Kuilsrivier op Nooiensfonteinweg. Hy was in 'n polisievoertuig met 'n ander polisiebeampte en hulle het daarop die verdagte voertuig

waargeneem op Nooiensfonteinweg en Stellenbosch Arterialweg. Dit was op pad in die rigting van Stellenbosch. Volgens sy waarneming is die voertuig op 'n roekelose wyse bestuur sonder om behoorlik ag te slaan op aankomende verkeer.

Êrens naby Rangeweg het hy gesien dat die voertuig na links swenk en die pad verlaat, waarop dit gerol en op sy dak te lande gekom het. Twee persone het onder die voertuig uitgekruip. Hy het op hulle geskree om te staan en hy het gesê dat hy 'n polisie-offisier is. Die appellant en die ander persoon het egter weggehardloop in verskillende rigtings in die rigting van 'n bos wat naby die pad geleë was. Sersant Cloete het 'n waarskuwing geuiter en toe sy hond losgelaat om een of die ander van die voortvlugtendes aan te keer. Volgens sy getuienis het die appellant op daardie stadium 'n geel T-hempie en 'n blou broek gedra. Toe hy sy hond losgelaat het om sy werk te doen, kon hy nog steeds die appellant sien.

Die hond het die appellant gevolg en hom in 'n nabygeleë bos aangekeer. Dit het sersant Cloete nie self gesien nie, maar hy het nader beweeg na die bos toe hy die hond hoor blaf en 'n persoon hoor skree het. In die bos het hy die appellant aangetref waar hy aangekeer was deur die hond. Hy het die appellant gearresteer, teruggekeer na die voertuig en 'n sleutel

in die aansitter gevind. Dit was 'n sleutel wat daar ingeforseer was en hy kon dit nie uit die sleutelgat kry nie. Hy het dit beskryf as 'n tuisgemaakte sleutel wat gevyl was.

Cloete het ook getuig dat die appellant in die bos vir hom gesê het dat hy 'n "lift" gegee is. Dit is al wat hy hom gesê het. Die ander persoon, wat uit die voertuig gevlug het, is nie gevind nie.

In kruisondervraging het Cloete gesê dat hy die verdagte voertuig vir 'n aantal minute op 'n afstand van ongeveer drie of vier voertuiglengtes gevolg het. Daar is ander polisievoertuie wat ook die verdagte voertuig agtervolg het, maar hulle was 'n ent verder terug. Hulle het egter ook later op die toneel opgedaag nadat die verdagte voertuig omgeslaan het. Toe hy gevra was hoeveel honde daar op die toneel was, het hy gesê daar was slegs twee, naamlik syne en dié van die ander polisiebeampte, sersant Kannemeyer, wat ook in die voertuig saam met hom was. Hy was egter die enigste een wat stappe geneem het om die insittendes van die voertuig aan te keer aangesien Kannemeyer by die polisievoertuig agtergebly het om die inhoud daarvan te bewaak. Volgens sy getuienis was daar vuurwapens en radiotoerusting in die voertuig wat bewaak moes word.

In kruisondervraging het Cloete verder gesê dat terwyl hy en Kannemeyer die voertuig agtervolg het, hul polisievoertuig se sirene aan was en sy blou ligte geflits het. Die ligte het aanhou flits nadat hulle gestop het op die toneel waar die voertuig omgeslaan het. Volgens sy skatting was die afstand vanaf die ongelukstoneel na die bos waarin die appellant aangekeer was, ongeveer 60 tot 80 meter en die afstand vanaf die voertuig tot die punt waar die arrestasie uitgevoer is, ongeveer 80 of 90 meter.

Dit is aan Cloete gestel wat die appellant se weergawe sou wees, dat hy aan Cloete gesê het dat hy aanvaar het dat die blou Ford Escort 'n taxi of 'n huurmotor was en dat hy die rit in daardie hoedanigheid onderneem het. Cloete het dit ontken en herhaal dat al wat vir hom gesê is, is dat die appellant 'n "lift" gegee is, dit is 'n geleentheid gegee is. Hy het nie gepraat van 'n taxi of huurmotor nie.

Dit is ook aan Cloete gestel dat volgens die appellant se weergawe hy deur vier honde gebyt was. Cloete het dit ontken en gesê dat slegs sy hond betrokke was en dat daar slegs twee polisiehonde op die toneel was, soos reeds gesê.

Voorts is dit aan Cloete gestel dat die appellant se weergawe sou wees dat nadat hy uit die voertuig uitgekruip het, hy

duiselig gevoel het, weggestrompel het vir omtrent vier meter en toe gaan lê het waar hy aangeval is deur vier polisiehonde. Dit het Cloete ontken. Hy het gesê dat indien die appellant daar gaan lê het, soos hy sê, soos iemand wat beseer of duiselig was, dit nie vir hom nodig sou gewees het om sy hond aan te wend om die arrestasie uit te voer nie. Die implikasie is duidelik dat Cloete self die arrestasie sou uitvoer. Volgens sy getuienis het hy ook 'n vuurwapen by hom gehad en sy verduideliking is oortuigend.

Kannemeyer het ook getuig en sy getuienis staaf in alle wesenlike opsigte dié van Cloete. Daar was 'n aantal afwykings soos wat deur advokaat Losch namens die appellant aangevoer is. Terwyl Cloete gesê het dat hulle die verdagte voertuig op 'n afstand van ongeveer drie of vier voertuiglengtes agter volg het, het Kannemeyer dit geskat op omtrent twee voertuiglengtes. Terwyl Cloete gesê het die afstand vanaf die voertuig na die bos was ongeveer 60 tot 80 meter, het Kannemeyer dit geskat op omtrent 10 meter. Ek stem nie met die submissie dat hierdie teenstrydighede wesenlik is, saam nie. Afstandskattings is dikwels onbetroubaar. In hierdie geval was daar geen opmetings nie, daar was geen vaste punt uitgewys nie en daar is geen werklike basis waarop die afstandskattings enige meer gewig gegee kan word as dat dit van 'n sekere orde was nie en in daardie opsig was hulle na my

mening van dieselfde orde. Buitendien is die presiese afstand van die voertuig wat op sy dak gelê het of wat gerol het na die bos nie van belang nie. Die enigste werklike vraag is of die appellant enkele meter weggestrompel het van die voertuig en daar gaan lê het en of hy weggehardloop het in die bos in, ongeag hoe ver dit van die motorvoertuig af was.

Op hierdie wesenlike aspek, wat die crux van die saak vorm, was die getuienis van Cloete en Kannemeyer duidelik. Hulle het albei getuig dat daar wel 'n bos was nie ver van waar die voertuig omgerol het nie en daardie beskrywing van die toneel is nooit in geskil geplaas nie. Hulle het ook getuig dat die appellant vanaf die voertuig in die bos in gehardloop het. Hulle het albei tyd gehad om dit te observeer en nie een van hulle se getuienis toon enige aspek wat aantoon dat dit onbetroubaar is nie.

Die appellant het ook getuig. Hy bevestig dat hy die dag in die verdagte vervoer was. Sy weergawe was dat hy werk in Kuilsrivier gaan soek het. Hy het nie geweet wie die voornemende werkgewer sou wees nie, maar het beweer dat hy 'n telefoonnommer gegee is wat hy moes skakel. Op een weergawe is hy gesê dat die plek waar hy in diens geneem sou word, naby 'n vulstasie was nie ver van 'n Seven Eleven supermark nie. Hy het 'n taxi geneem om te gaan soek na die

plek in Kuilsrivier maar daar het hy 'n hele aantal Seven Elevens aangetref en hy het uitgewerk dat dit nie die plek is wat hy gesoek het nie. Hy is toe deur 'n ongeïdentifiseerde persoon meegedeel dat die plek wat hy soek naby 'n stasie was. Hy het ook gesê dat hy R50 betaal het vir die huurmotorrit en die beskrywing van die voertuig herbevestig.

Met betrekking tot die finale fase van sy rit, het hy gesê dat die bestuurder aan hom gesê het dat die polisie daar was. Hy het, volgens hom, vir die drywer gesê dat hulle maar kon stop en dat hy aan die polisie sou verduidelik dat daar niks verkeerd was nie en dat hulle saam was. Die drywer het egter gesê dat hy, wat die appellant is, nie sou verstaan nie en dat hy eerder sou vlug. Verder het die drywer niks gesê nie en eenvoudig bly bestuur totdat die voertuig omgekeer het.

Op daardie stadium, sê die appellant, is hy deur die venster uit en terwyl hy daar gelê het, het hy gesien dat die voertuig omslaan. Toe het die polisie gekom, eers met een hond, daarna met twee meer en toe met nog een. Hulle het die honde aangehits om hom te byt. Hy is op sy arms en voet gebyt en die polisie het hom ook aangerand deur hom te skop. Na sy arrestasie is hy met die polisievoertuig geneem waar hulle hom gevra het wat die posisie was met die voertuig. Hy het, volgens hom, vir die polisie gesê hy het werk gaan soek

en van daar af is hy na die polisiekantoor en hospitaal toe geneem.

Toe hy gevra is om sy teenwoordigheid in die verdagte voertuig te verduidelik, het die appellant gesê dat hy die polisie meegedeel het dat hy werk gaan soek het en dat hy vir hulle die telefoonnommer gewys het. Hy het volgehou dat hy die voertuig gehuur het as 'n huurmotor, maar kon nie verduidelik waarom die drywer daarvan weggehardloop het nie. Hy het ontken dat hy aan sersant Cloete gesê het dat hy bloot 'n "lift" gekry het in die voertuig.

In kruisondervraging het die appellant vir die eerste keer die beskrywing van sy klerasie wat deur albei die polisiebeamptes verstrek is, betwis. Hy het ontken dat hy 'n blou broek en geel T-hemp gedra het en gesê dat die broek swart was en dat die bostuk oranje was. Omtrent sy soektog na 'n werksgeleentheid, het hy getuig dat hy 'n telefoonnommer gekry het en dat hy blykbaar vanaf die volgende maand eers by die plek sou moes werk. Dit het hy egter weerspreek deur te sê dat hy meegedeel is dat die werk beskikbaar was, hy moes net die persoon vind en daarom het hy die telefoonnommer gehad. Toe hy gevra is wat die telefoonnommer was, het hy gesê hy het dit nie meer nie, later het hy gesê hy is die telefoonnommer gegee sodat hy kon bel

om uit te vind of die werkgewer beskikbaar was sodat hy presies meegedeel kon word waar die plek sou wees waar hy moes gaan werk.

Met betrekking tot die gebeure nadat hy die voertuig verlaat het, is hy deur die staatsaanklaer genooi en die geleentheid gegee om te sê dat hy nie ver van die voertuig beweeg het nie en dat hy daar gewag het vir die polisie om aan te kom. Klaarblyklik sou dit hom 'n geleentheid gegee het om 'n onskuldige beeld van sy eie optrede oor te dra. Dit het hy egter ontken en gesê hy het nie vir die polisie gewag nie, maar hy het gerus. Hy het ook ontken dat hy weggehardloop het.

Die appellant se weergawe omtrent die rede waarom hy in die kennelik gesteelde voertuig aanwesig was, is na my mening ongeloofwaardig en kan nie aanvaar word nie. As hy 'n telefoonnommer gegee is wat hy bloot kon bel om vas te stel waar die werkgewer se perseel was en of die werkgewer daar was om hom te woord te staan, wonder 'n mens waarom hy nie eenvoudig gebel het en dit dan vasgestel het nie. Waarom moes hy na Kuilsrivier gaan en deur die area gaan soek waar hy gedink het die plek sou wees? Waarom sou hy dan deur 'n, volgens hom, vreemde of ongenoemde persoon meegedeel moes word waar die plek na bewering sou wees, en daarna op 'n rit gaan wat ooglopend nie gaan na die plek waar hy gesê is

die werkgewer se perseel was nie? Die weergawe is onsamehangend en kan na my mening nie aanvaar word nie.

Die appellant se weergawe impliseer ook dat die voertuig, nadat dit van Lansdownestasie gesteel is, vandaar na 'n huurmotorstaanplek in Khayelitsha geneem is waar hy dit as 'n huurmotor betrek het. Soos die agbare Verhoorlanddros dit uitgewys het, daardie scenario is geheel en al onwaarskynlik en ongeloofwaardig en behoort verwerp te word. Na my mening is daar geen redelike moontlikheid dat die verduideliking vir die appellant se teenwoordigheid in die gesteelde voertuig waar kan wees nie.

Met die verwysing na die gebeure nadat die gesteelde voertuig die pad verlaat het, is die wesenlike vraag of die appellant weggehardloop het of nie. Volgens die polisiebeamptes het hy presies dit gedoen, op sy weergawe het hy nie. Die agbare Verhoorlanddros het het, na my mening, korrek in sy uitspraak opgemerk dat die aangeleentheid berus op geloofwaardigheidsbevindings. Hy het in my opinie korrek bevind dat daar geen wesenlike teenstrydighede was tussen die weergawes van die twee polisiebeamptes nie en dat hulle mekaar oor en weer in alle materiële opsigte gestaaf het. Hy het ook die opmerking gemaak dat as die appellant nie weggehardloop het nie, dit nie nodig sou gewees het om die

polisiehond te gebruik om hom aan te keer nie en dit is ook klaarblyklik 'n korrekte opmerking.

Dit is so dat die getuienis teen die appellant omstandigheidsgetuienis is. Die vraag is dan of die afleiding dat die appellant 'n party was tot die diefstal van die voertuig versoenbaar is met al die feite wat bo redelike twyfel bewys is. Indien wel, moet beslis word of daar enige ander afleiding gemaak kan word buiten dat die appellant aandadig was tot die diefstal. In dié verband is dit nie nodig om meer te doen as om te verwys na die geykte beslissings in <u>R v BLOM</u> 1939 AD 188 te 202-203 en <u>S v HOLTZHAUSEN</u> 1984(4) SA 852 (A) op 861D-I, nie.

Die belangrikste omstandigheidsgetuienis het betrekking op die appellant se optrede nadat die voertuig omgeslaan het. Om die redes wat ek reeds gegee het, aanvaar ek die weergawes wat die polisiegetuies aangebied het en verwerp dié van die appellant.

Die volgende belangrike kwessie het betrekking op die appellant se teenwoordigheid in die voertuig. Om die redes wat ek reeds gegee het, kan ek nie die weergawe daarvan wat die appellant verstrek het, aanvaar nie. Soos uitgewys is in <u>S v HOLTZHAUSEN</u> (supra), is 'n Hof geregtig om by die

beoordeling van die relatiewe sterkte van afleidings die valsheid van 'n beskuldigde se verduideliking van belangrike feite en omstandighede in ag te neem en dat sy leuenagtigheid in daardie opsigte die waarde van die afleidings teen hom onderskraag. Na my mening moet daardie benadering ook in hierdie saak toegepas word. Die appellant se onbevredigende verduidelikings vir sy teenwoordigheid in die voertuig ondersteun 'n afleiding dat hy 'n party was tot die diefstal daarvan.

Namens die appellant is aan die hand gedoen dat die defekte in die getuienis van die appellant nie die Staat se saak bevorder nie en daar is 'n beroep gedoen op S v JOCHEMS 1991(1) SASV 208 (A) te 211. Daardie benadering is slegs van toepassing waar daar wesenlike kritiek is op die getuienis wat namens die Staat aangebied is. In hierdie geval is dit nie van toepassing nie.

Vir die voorgaande redes is ek tevrede dat die appellant se skuld bo redelike twyfel bewys is en ek sou die skuldigbevinding bekragtig.

Daar is ook appèl aangeteken teen die vonnis van ses jaar gevangenisstraf wat die geleerde landdros opgelê het. Die toets op appèl is of die Hof *a quo* 'n mistasting begaan het op

die feite of die reg toe die vonnis opgelê is of 'n onreëlmatigheid plaasgevind het of dat die vonnis van so 'n aard was dat geen redelike Hof dit kon opgelê het nie. Die verhoorlanddros het die omstandighede van die misdryf, dié appellant en die belange van die gemeenskap opgeweeg. Hy het tereg daarop gewys dat diefstal van motorvoertuie 'n ernstige misdryf is. Hy het in ag geneem dat die appellant 25 jaar oud was, ongetroud was en geen afhanklikes gehad het nie; ook dat hy 'n enigste kind was en dat hy ten tye van die misdryf nie 'n werk gehad het nie. Hy het ook sy graad van opvoeding in ag geneem. Die appellant het naamlik st.7 geslaag (dit sou vandag as Graad 9 bekend staan). Die landdros het ook in ag geneem dat die appellant in aanhouding was sedert hy vir die misdryf gearresteer is.

Die appellant het egter vorige veroordelings vir oneerlikheidsmisdade. In 1992 is hy skuldig bevind aan roof en lyfstraf opgelê. Gedurende dieselfde jaar is hy skuldig bevind aan diefstal en hy is weereens gevonnis tot lyfstraf en 'n opgeskorte vonnis van ses maande daarmee saam. In 1994 is hy skuldig bevind aan huisbraak en 'n vonnis van 18 maande gevangenisstraf was opgelê.

Gegewe al die omstandighede is die vonnis van ses jaar gevangenisstraf na my mening streng maar hoegenaamd nie

buitensporig nie. Ek stem nie saam met die submissie wat namens die appellant gemaak is dat die vonnis skokkend onvanpas is nie. Na my mening is daar geen gronde daarvoor om in te meng met die vonnis nie en ek sou gevolglik die vonnis van ses jaar gevangenisstraf bekragtig.

..................................

DUMINY, WnR

CLEAVER, R: Ek stem saam, DIE APPèL WORD VAN DIE HAND GEWYS, DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS WORD BEKRAGTIG.

..................................

CLEAVER, R